**15 SEPTEMBER** **SKRIFGEDEELTE: PSALM 91**
**FOKUSGEDEELTE: PSALM 91:11**

## God bring ons veilig by ons bestemming aan

Wie se geloof is sterk genoeg om te sê: “Ek’s ‘n dapper muis ... en daar niks, niks waarvoor ek skrik nie”? Tog lyk dit asof Psalm 91 ons juis tot hierdie “onmoontlike” geloof oproep.

Ons moet egter by Jesus Christus begin as ons die psalm wil verstaan (Luk. 24:44). Die duiwel weet dit ook. Dit is juis omdat Jesus die seun van God is dat die duiwel Hom deur die misbruik van Psalm 91 wou versoek (Matt. 4:6). Maar die Versoeker het een deel van die sin uit die psalm weggelaat. Daar staan bygeskrywe, “op al jou weë”.

Hoe sou die weë van die Here Jesus loop en waar sou sy weë eindig ? Sy weë moes loop tot by ‘n kruis by Golgota. Daar het Hy ons gewys hoe trap Hy op die leeu (1 Pet. 5:8) en hoe Hy die slang (Gen. 3) vermorsel. Tot in daardie stadium was hierdie Seun geborge in sy hemelse en aardse lewe in die skuilplek van die Allerhoogste (Jes. 49:2). Tot Jesus se uur gekom het, was hy veilig: veilig as twaalfjarige in die tempel, die skuilplek van die Allerhoogste (Luk. 2:41 e.v.) en veilig as prediker van die waarheid (Luk. 4:29,30; Joh. 8:59). Selfs toe Hy op sy lydingsweg was, was sy Vader bereid om vir hom meer as twaalf legioene engele beskikbaar te stel (Matt. 26:53).

Jesus se weë het nie op Golgota geëindig nie. Nee, sy hemelse Vader het hom uiteindelik by sy hemelse bestemming uitgebring. So sal ons as sy dissipels ook op al ons weë (vergelyk Luk. 10:19; Hand. 12:6-7; 2 Tim. 4:17-18) bewaar word totdat ons uiteindelik die HERE se heil sal sien !

*Sing: Psalm 91:6* *Ds Gustav Opperman (Brits-Wes)*